PASELLADAG

Musiek: Marie Tredoux
Teks: Nic Tredoux

Paselladag, hier kry ek nou so onverdiend
'n Hele leë dag, vir sleepvoet slenter langs die see
Paselladag, ek voel soos 'n verjaardagkind
Jy's toegedraai in suiwer son en sagte wind
'n Luierdag op die duine
'n Kuierdag op 'n krans
'n Dag vol branderbasuine
Vir draf en duiseldans
Kom sit saam met my op die wit sand
En tuur oor die groenblou see
Ek wil vir jou die helfte van my groot pasella gee

Paselladag, die dag het grys en grou begin
En ek het min verwag, net weemoedswasem in die wind
Toe kom die son en lig die dag se deksel op
En gee vir my 'n sprankeldag vol skerts en skop
'n Luierdag op die duine
'n Kuierdag op 'n krans
'n Dag vol branderbasuine
Vir draf en duiseldans
Kom sit saam met my op die wit sand
En tuur oor die groenblou see
Ek wil vir jou die helfte van my groot pasella gee

Paselladae is so skaars, maar as mens deel
Is daar veel meer, van saam geniet en saam onthou
Paselladag word dan 'n dubbeldoorse dag
'n kern in sy geel vir my en een vir jou
'n Luierdag op die duine
'n Kuierdag op 'n krans
'n Dag vol branderbasuine
Vir draf en duiseldans
Kom sit saam met my op die wit sand
En tuur oor die groenblou see
Dan kan ek jou die helfte van my groot pasella gee